

**Skriflesing:** Jesaja 58:11

**Tema:** Die ABC van ons gemeentewees.

Kraggakamma gemeente is hierdie jaar 47 jaar jonk. In 1740 was die gebied van Swartkops- tot by die Vanstadensrivier Kraggakamma genoem. In die tyd van die VOIC was Kraggakamma die gebied waar Port Elizabeth en Uitenhage vandag geleë is.

Kraggakamma is 'n Khoikhoi woord. Daar is verskil van mening oor wat dit presies beteken, maar dit het iets met water te doen. Dit beteken iets soos baie water, soet water, sterk water of klippe in water of rivier.

'n Paar jaar gelede het ons as gemeente saam gebid en gesoek na God se roeping vir ons as Sy gemeente. Hy het ons gelei na: "Ons is God se fontein van liefde" en vir ons ons logo en Jesaja 58:11 as teksvers gegee.

Kom ons gaan kyk hier aan die begin van die jaar na die Here se roeping vir ons. Ons kyk na die A,B,C, D, E en F van gemeentewees en geloof.

### **Aanbidding**

Aanbidding is gebed en lofprijsing, maar dit is meer as dit. Dit is 'n lewenswyse. In Jesaja 58 lees ons dat die Here 'n probleem het met sy volk wat skynheilig is. In Jes 58:2 lees ons: "Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag. Hulle gee voor dat hulle 'n nasie is wat doen wat reg is en hom aan die bepalings van sy God hou. Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou." Die volk het 'n "asof" voorgese verhouding met die Here. Op vasdae doen hulle wat hulle wil. Hulle laat mense nog harder werk. Hulle twis, maak rusie en dam mekaar met die vuus by. Hulle maak of hulle hulself verneder en die nek buig voor die Here. Met hierdie vertoon beïndruk hulle dalk mense, maar nie die Here nie. Hulle buig nie met hul lewens voor die Here nie.

Ons verhouding met die Here kan nie net vir een erediensuur in die week wees nie. In Rom 12:1 lees ons baie duidelik hoe 'n lewende verhouding met die Here lyk: "En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."

### **Bybel**

Die Bybel is die Woord en wil van God. Vir ons staan die Bybel sentraal. Die Bybel is ons handboek. Enige ander materiaal of boeke is hulpboeke.

In Ps 1:1-3 lees ons die volgende oor die lewe van iemand waarin die Bybel sentraal staan: "Dit gaan goed met die mens wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak."

### **Christus**

Dit gaan nie in die gemeente oor dominees, of begeleidingsgroepe of programme nie. Dit gaan vir ons oor Christus.

Ons streef om die gemeente te wees waarvan ons in Kol 3:11 lees: “Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.”

Persoonlik vind ek baie aanklank by die woorde van Paulus, wat een van die hoogs geleerde mense van sy tyd was, in 1 Kor 2:1-2: “Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.”

### **Dankbaarheid en Diensbaarheid**

Uit die Heildelbergse Kategesimus is dit duidelik dat dankbaarheid bestaan uit bekering, gebed as vernaamste deel van dankbaarheid en goeie werke.

Ons ken vas as afsondering om te fokus op die Here en natuurlik is dit nodig in ons lewens. Maar in Jesaja 58 sê die Here dat die vas wat Hy ook wil hê is dat mense wat onregverdig gevange gehou word, bevry moet word. Die vas wat Hy wil hê is om die juk wat op mense druk af te haal, vir hulle wat honger is, brood te gee, vir hulle wat sonder klere is, klere te gee en om jou te ontferm oor jou medemens.

Die vas wat Hy wil hê is om op Sondag nie net te doen wat jy wil, jou gewone gang te gaan en handel te dryf nie. Dit is om Sondag 'n vreugde te noem en die dag tot sy eer te hou. Die Here roep vir ons vandag steeds op om Hom so, uit dankbaarheid vir ons verlossing, te dien.

### **Eenheid**

Eenheid is nie eendersheid nie. Ons gaan en mag altyd met mekaar verskil oor sake wat nie sentraal staan aan die evangelie.

Maar ons is, gebind deur sy band van liefde, een liggaam met Christus as hoof. Ons is elkeen 'n liggaamsdeel in sy gemeente wat uit dankbaarheid ons Godgegewe funksie moet vervul. Dan funksioneer die gemeente soos die Here wil.

### **Families**

God se plan is families. Dit maak nie saak hoe jou familie saamgestel is nie, julle is God se familie.

Rigters 2:10 is 'n teksvers wat vir my koue rillings gee: “Al die mense van Josua se leeftyd het gesterf, en die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van sy groot daad wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie.”

Die evangelie is altyd een geslag weg van uitwissing. As volwassenes moet ons die volgende geslag van die Here se groot daad vertel. Anders gaan hulle Hom nie ken en dien nie.

Paulus skryf aan jongman Timoteus in 2 Tim 1:5: “Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.” Die evangelie kom van God, maar word deur mense, baiekeer van geslag na geslag oorgedra.

Wanneer ons streef na dié A,B,C, D, E en F van gemeentewees en geloof, dan maak die Here vir ons: “soos ‘n fontein met volop water, soos ‘n fontein waarvan die water nie opdroog nie.”  
Amen